HOOGTEPUNTE VAN

Spanje & Portugal

25 September – 8 Oktober 2022

Kom saam op ons 14-dae groepstoer na die hoogtepunte van *Spanje en Portugal* teen die spesiale groepstarief van R44 890 per persoon.

Reisplan

Dag 1: Sondag, 25 September **KAAPSTAD/JOHANNESBURG →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Johannesburg en Kaapstad na Barcelona. Oornag aanboord na aandete.

Dag 2: Maandag, 26 September **→ BARCELONA → MONTSERRAT → BARCELONA**
Na 'n vroeë ontbyt land ons in **Barcelona**. Aangesien dit nog te vroeg is om by ons hotel in te bespreek, vertrek ons per bus op 'n ekskursie van vyf ure na **Montserrat**, ongeveer 40km noordwes van Barcelona geleë. Ons plaaslike toergids sal sorg dat ons al die hoogtepunte van hierdie kloosterkompleks, wat uit die sestiende eeu dateer, sien. Vanmiddag vertrek ons bus terug na Barcelona en die ***Catalonia Atenas Hotel***, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Daar is tyd om uit te pak en 'n bietjie te rus.

Dag 3: Dinsdag, 27 September **BARCELONA**
Na ontbyt ontmoet ons 'n plaaslike toergids vir ons besigtigingstoer van agt ure van hierdie fassinerende stad. Ons besoek die hoogtepunte van die stad. Sien onder andere die bekende *La Rambla*, die Barcelona Katedraal, die interessante ou stad en die Olimpiese Spele stadion.
Toegangsgeld vir die indrukwekkende *La Sagrada Familia Katedraal*, ontwerp deur die bekende agitek Antoni Gaudi, is ingesluit. Werk aan hierdie katedraal het al in 1882 begin en word steeds voortgesit! Dit is een van die hoogtepunte van ons toer om hierdie Katedraal te beleef.

Dag 4: Woensdag, 28 September **BARCELONA → VALENCIA**
Na ontbyt vertrek ons suidwaarts na **Valencia**. Ons besoek die hoogtepunte van die stad met 'n besigtigingstoer. Sien onder andere die *Torres de Serranos* (oorblywende stadsmure) en die *Llotja de la Seda* (waar sy verhandel is). Sien ook die besondere Valencia Katedraal. Ons bly oor in die ***Excelsior Hotel***, wat uitstekend geleë is naby die *Plaza del ayuntamiedo Square*.

Dag 5: Donderdag, 29 September **VALENCIA → GRANADA**
Na ontbyt vertrek ons ooswaarts na **Granada**, geleë in die hartjie van Andalusië. Vanmiddag het ons 'n besigtigingstoer van hierdie stad. Die hoogtepunte is die *Alhambra Paleis*, 'n somer-kompleks gebou deur die Moorse konings en die *Generalife Tuine* (toegangsgelde vir albei is ingesluit). Elkeen sal 'n gehoorstuk ontvang om die toergids maklik te volg. Oornag in die ***Hotel Granada***.

Verken Valencia se strate

Die mooie Seville

Dag 6: Vrydag, 30 September **GRANADA → SEVILLE**
Ons moet Granada na ontbyt groet en vertrek weswaarts na Seville. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Santa Justa Hotel***, **Seville**. Vanaf die hotel is dit ongeveer 15 minute se stap na die historiese stadskern, *Plaza di Espana*. Christopher Columbus se grafsteen is te sien by die gotiese Seville Katedraal.

Dag 7: Saterdag, 1 Oktober **SEVILLE → CORDOBA → SEVILLE**
Na ontbyt vertrek ons vir besigtiging van hierdie pragtige stad saam met 'n plaaslike toergids. Toegangsgelde vir die indrukwekkende Alcázar Kasteel-kompleks is ingesluit (met individuele gehoorstukke vir elkeen). Ons sien ook die *Plaza de Toros de la Maestranza bullring*. Vanmiddag vertrek ons vir 'n besoek aan **Cordoba**. Sien saam met 'n plaaslike toergids die hoogtepunte van hierdie stad, onder andere die besondere moskee-katedraal. Laatmiddag keer ons terug na Seville.

Dag 8: Sondag, 2 Oktober **SEVILLE → LISSABON**
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na Portugal se hoofstad. Laatmiddag arriveer ons in **Lissabon**, waar ons die volgende twee nagte oorbly in die ***Sana Rex Hotel***. Die hotel kyk uit oor die Eduardo VII park, in die hartjie van Lissabon.

Dag 9: Maandag, 3 Oktober **LISSABON, SINTRA & ESTORIL**
Na ontbyt vertrek ons met ons plaaslike gids vir 'n voldag toer. Eers sien ons die hoogtepunte van hierdie Portugese hoofstad, onder andere die bekende standbeeld van *Henry die Navigator*, die Belem-toring en die indrukwekkende *Black Horse Square*. 'n Groot bederf is 'n rit in Trem nr 28 ('n outydse trem op 'n interessante roete (kaartjiekoste ingesluit).
Ons vertrek ongeveer 20 myl wes van Lissabon na **Estoril**, geleë by die Portugese Riviera. Dit is die tuiste van die Casino Estoril, wat die inspirasie was vir die eerste van Ian Fleming se James Bond boeke: *Casino Royale*.
Ons besoek ook **Sintra**, wat beskryf word as "*a magnificent town of marvelous historic mansions, all set against the backdrop of lush hills*".

Dag 10: Dinsdag, 4 Oktober **LISSABON → PORTO**
Ons sien die hoogtepunte van **Porto** saam met 'n plaaslike toergids. Dit is die tweede grootste stad in Portugal, geleë aan die Douro-rivier. Ons bly vanaand oor in die ***Oporto Hotel***. Maak seker dat jy vanaand van hulle eie egte port proe!

Porto, Portugal se tweede grootste stad

Dag 11: Woensdag, 5 Oktober **PORTO → SALAMANCA**
Na ontbyt vertrek ons ooswaarts en steek die grens tussen Portugal en Spanje oor. Ons arriveer in **Salamanca**, waar ons 'n besigtigingstoer na die hoogtepunte van die stad het. Die *Plaza Mayor* word beskou as "*the grandest square in Spain*"! En ons hotel, die ***Plaza Mayor Salamanca Hotel*** is geleë by die Plaza Mayor, in die hartjie van die stad.

Dag 12: Donderdag, 6 Oktober **SALAMANCA → MADRID**
Na ontbyt het ons vrye tyd om Salamanca verder te beleef. Laatoggend vertrek ons na **Madrid**, Spanje se imposante hoofstad. Ons bly vanaand oor in die ***Catalonia Atocha Hotel***, geleë in die sentrum van Madrid.

Dag 13: Vrydag, 7 Oktober **MADRID →**
Na ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van ongeveer vier ure van Madrid. Sien onder andere die *Avenida Mayor*, *Puerta del Sol* en *Parliament Square*. Vir sokkergeesdriftiges is dit ook 'n belewenis om die *Real Madrid Stadion* van naby te sien.
Vanmiddag vertrek ons na die *Madrid Barajas Adolfo Suárez-lughawe*, een van die grootste lughawens in Europa, vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

Dag 14: Saterdag, 8 Oktober **→ JOHANNESBURG/KAAPSTAD**
Na ontbyt en 'n onvergeetlike avontuur deur ***Spanje en Portugal*** arriveer ons terug in Johannesburg en Kaapstad.

INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Direkte vlugte in die ekonomiese klas vanaf Johannesburg na Barcelona en terug vanaf Madrid na Johannesburg. Daar is 'n bybetaling van R1 050 vir direkte vlugte van en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd.
- ✓ Alle tolgelde, parkeergelde en plaaslike belastings vir die duur van die toer.
- ✓ Verblyf vir elf nagte in uitgesoekte drie- en vier-ster hotelle.
- ✓ Volle ontbyt elke dag in die hotelle en ses aandetes in plaaslike restaurante (asook etes tydens vlugte).
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Besigtigingstoere met geakkrediteerde plaaslike Engelsprekende toergidse in Montserrat, Barcelona, Valencia, Granada, Seville, Lissabon, Porto, Salamanca en Madrid.
- ✓ Toegangsgelde vir die Familia Sagrada Katedraal, Alhambra Paleis en Alcazar Kasteel-kompleks.
- ✓ 'n Rit op die bekende trem in Lissabon.
- ✓ Die dienste van 'n ervare Suid-Afrikaanse toerleier vir die duur van die reisplan.
- ✓ Vir addisionele gemoedsrus is groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** ook ingesluit vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling). Dié reisversekering sluit onder andere die volgende in (met sekere polis-voorwaardes):
  - ❖ *Medical and related expenses (due to illness or injury): R50 million per person, this includes emergency medical and related expenses should a traveler contract the Covid-19 virus during a journey.*
  - ❖ *Additional accommodation expenses incurred as a result of contracting the virus during the journey is also included. Medically required quarantine costs are limited to R2 500 per day (with a maximum benefit limit of R25 000).*
  - ❖ *International journey cancellation or curtailment: R30 000 per person.*
  - ❖ *Luggage lost or delay: up to R20 000 per person.*

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die voorlopige toerkoste van **R44 890** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Augustus 2021. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1=R17 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- ➢ Visumkoste van ongeveer **R1 400** vir 'n Schengen-visum is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met al die dokumente wat nodig is vir die visum-aansoeke.
- ➢ 'n Bewys van volledige inenting teen Covid-19 word tans vereis om Europa te kan besoek.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang is op aanvraag beskikbaar.
- ➢ Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- ➢ Ten minste 28 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R6 800** moet so gou as moontlik vereffen word.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 11 Junie 2022** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Besigheids Verwysing: SPANJE/ en u van

Kontak die toerleier, ***Gerhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:

Tel nr: 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

Die Alhambra Paleis

Cordoba is een van vele hoogtepunte op ons toer!

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995